Nuwe Lied Bediening

En Hy het 'n nuwe lied in my mond gegee, 'n lofsang tot eer van onse Elohiem (Ps. 40:4)

E-pos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Yeshua is die Boom van die Lewe. Wanneer ons die Torah bestudeer moet ons onthou dat Yeshua Messias die Lewende Torah is – die Woord van YHVH wat vlees geword het – die Torah van Melgisédek. Hy is die weg na die waarheid wat lewe gee – die Lewende Manna wat uit die hemel gestuur is. Sonder Yeshua wat deur die Afgesonderde Gees in ons, en deur ons lewe, sal die Torah van YHVH net die dooie letter van die wet wees!!
Yeshua is die hart van die Vader!

Parashah 14: *Va'era* (וארא): Hy het verskyn

Ek het aan Avraham, aan Yitz'gak en aan Ya'akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה*, aan hulle bekend nie?* Ex. 6:3(2) PWL[1].

Torah: Exodus 6:2 tot 9:35.

Haftorah: Eseg. 28:25 tot 29:21.

Nuwe Verbond: Matt. 12:1 tot 14; Mark. 12:26 en 27; Luk. 20:37 en 38; Joh. 8:58; Hand. 7:7, 17 en 35; Rom. 5:3; Rom. 9:14 tot 17; Rom. 12:12; Hebr. 11:23 tot 27; 1 Kor. 3:11 tot 15; 2 Kor. 6:14 tot 7:1; Open. 18:1 tot 8.

Hierdie notas is aanvullend tot die vorige notas vir parashah 14 wat afgelaai kan word by: Parashah14Notas14 of by Parashah14Notas.16 .

We are not diplomats but prophets, and our message is not a compromise but an ultimatum – A.W. Tozer.

It is impossible to feel grateful and depressed in the same moment. – Naomi Williams

Gratitude is not only the greatest of virtues, but the parent of all the others. – Cicero

You simply will not be the same person two months from now after consciously giving thanks each day for the abundance that exists in your life. And you will have set in motion an ancient spiritual law: the more you have and are grateful for, the more will be given you. – Sarah Ban Breathnack

[1] Alle teksverwysings is geneem uit PWL (Pad van Waarheid tot die Lewe) Vertaling (www.padwlewe.ch), behalwe waar anders vermeld. Om 'n kopie van die Bybel te bekom kan Gerrie Coetzee per e-pos by padwlewe@yahoo.com of telefonies by 074 361 2134 gekontak word.

Torah Bespreking

Hersiening

Aan die einde van verlede week se Torahskriflesing het Farao die versoek van Moses om YHVH se volk te laat gaan, sodat hulle vir YHVH ‘n fees in die wildernis kan hou, geweier. Daarom het ‘n moedelose Moses terug na YHVH gegaan en gesê:

22 *…..“Meester, waarom het U skade op die mense gebring? Waarom het U my dan gestuur,* **23** *want sedert ek na Farao gegaan het om in U Naam (Karakter en Outoriteit) te praat, het hy skade aan hierdie mense gedoen en U het ook glad nie U volk gered nie?”* Exo. 5:22 en 23.

Die verwagting waarmee Moses en Aäron na Farao gegaan het, het dus nie gerealiseer nie! Ons weet dat die werkslas van die Israeliete ook vermeerder het na Moses en Aäron se aanvanklike versoek aan Farao en hiervoor het die volk vir Moses en Aäron verkwalik. Met vrae en onsekerheid het Moses terug na YHVH gegaan, maar YHVH het Moses geantwoord:

Toe sê יהוה vir Moshe: “Nou sal jy sien wat Ek aan Farao sal doen, want as gevolg van ’n sterk hand sal hy hulle laat gaan en as gevolg van ’n magtige arm sal hy hulle uit sy land uitdryf.” Exo. 6:1 (Exo. 5:24 – AOV).

In hierdie week se Torahskriflesing word hierdie gesprek tussen YHVH en Moses voortgesit toe YHVH aan Moses gesê het:

3 *Ek het aan Avraham, aan Yitz’gak en aan Ya’akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה, aan hulle bekend nie?* **4** *Ek het ook My verbond met hulle vasgestel om aan hulle die land Kena’an te gee, die land waarin hulle as besoekers gebly het* **5** *en Ék het ook die gesug van die seuns van Yisra’el gehoor wat deur die Mitzrayiete in slawerny gehou word en Ek het My verbond onthou.*
6 *Sê daarom vir die seuns van Yisra’el: ‘Ek is יהוה en Ek sal julle onder die las van die Mitzrayiete uitbring en julle red uit hulle slawerny. Ek sal julle loskoop deur ’n uitgestrekte arm en deur groot oordele.* **7** *Ek sal julle vir Myself as volk neem en julle God wees en julle sal weet dat Ek יהוה, julle God, is wat julle uitbring onder die las van die Mitzrayiete* **8** *en Ek sal julle bring in die land waarvan Ek My hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz’gak en aan Ya’akov te gee en Ek sal dit aan julle as ’n besitting gee. Ek is יהוה.”* Exo. 6:3 tot 8 (Exo. 6:2 tot 7 – AOV).

Hiermee het YHVH vir Moses herinner dat Hy El-Shaddai is – Die Magtige God wat meer as genoeg is! YHVH het ook die verbond met Abraham bevestig, naamlik om aan sy nageslag die land Kanaän te gee. Daarom het YHVH vir Moses die versekering gegee dat Hy:

- YHVH-God is wat hulle van die Egiptiese slawejuk sal bevry deur ’n uitgestrekte arm en deur groot oordele.

- Hy sal Israel vir Homself as ‘n volk neem en hulle God wees op so ‘n wyse dat hulle sal weet dat Hy YHVH hulle God is.

- En laastens bevestig YHVH dat Hy vir Israel sal bring in die land waarvan Hy Sy hand opgelig het, om dit aan Avraham, aan Yitz’gak en aan Ya’akov te gee.

En ons weet dat YHVH is nie ‘n mens dat Hy sal lieg nie – dit wat Hy sê sal Hy doen (Num. 23:19)!

Die Magtige God is nie ’n man dat Hy sou lieg nie, of ’n mensekind dat Hy jammer sal wees nie. Het Hy gesê en sal dit nie doen nie, of het Hy gepraat en sal dit nie waar maak nie?

In hierdie week se Torahskriflesing leer ons van die eerste sewe strafgerigte teen Egipte!

Bepeins of Bespreek

1. Het Vader deur die Afgesonderde Gees ook al vir jou ‘n opdrag gegee wat jy uitgevoer het, maar dit was nie suksesvol nie, want jy het teenkanting ondervind? Dit is dan wanneer twyfel en moedeloosheid neig om die oorhand te kry. Dit het met Moses gebeur – by meer as een geleentheid. Dikwels gaan ons na geliefdes en vriende met die waarheid aangaande byvoorbeeld Shabbat, die Feestye, Kersfees en “Easter” en dan word ons nie geglo nie en word ons selfs verwerp! Maar onthou Mark. 6:11! Word jy ook terwille van die waarheid gehaat (Luk. 21:17; Joh. 15:18, 23 tot 25).

El Shaddai

Ek het aan Avraham, aan Yitz’gak en aan Ya’akov verskyn as El-Shaddai (Die Magtige God wat meer as genoeg is) en was Ek nie met My Naam, יהוה*, aan hulle bekend nie?* Ex. 6:3 (2-AOV).

Die letterlike betekenis van die Hebreeuse woord *El* beteken *Magtige*!

In die meeste vertalings van Ex. 6:2(3) word die Hebreeuse *shaddai* slegs as die *Almagtige* vertaal. Indien die samestelling van die woord egter ondersoek word, sien ons dat dit bestaan uit *sha* (wie) en *dai* (genoeg; Hy wat in Homself genoeg is; voldoende is; in staat is). Die Hebreeuse woord *shad* (*shadayim*), beteken ook *die bors* (*borste*) *waaraan die suigeling drink* (Jes. 60:16; Jes. 66:10 tot 13) en verwys dus ook na *voeding, voorsiening, versadiging en tevredenheid*. Daarom kan die betekenis van *El Shaddai* gegee word as *Die Magtige God wat meer as genoeg is*.

In die verband skryf Gerrie Coetzee in sy boek *God van die Verbond* (bladsy 42 – www.padwlewe.ch) die volgende:

> Die volle Naam, El-Shaddai, word net in verband met Avraham (Gen. 17: 1), Yitz'gak (Gen. 28:3) en Ya'akov (Gen. 35:11; 43:14; 48:3) en in verwysing na al drie, (Eks 6:3) gebruik. Van die begin af het יהוה vir Sy volk van die Verbond gesê dat Hy meer as genoeg is in alle opsigte. Hy is 'Yireh' – wat voorsien, maar Hy is baie meer; Hy wat meer as genoeg is in alle opsigte.
>
> Die woord Shaddai kom voor as God se Naam in die verhale van Bil'am (Num 24:4,16), in poëtiese dele (Yes 13:6; Yeg 1:24; Yo'el 1:15; Ps 68:15; 91:1; en 31 keer in Iyov), asook in prosa (Rut 1:20–21). Meer nog, Shaddai is 'n element in ou Yisra'el se name, soos `Ammishaddai ("Volk van Shaddai"; Num. 1:12) en Tzurishaddai ("My Rots is Shaddai"; Num. 1:6).

As die nageslag van Abraham is ons ook *Ammishaddai* (Volk van Shaddai – Num. 1:12) en is Yeshua ons *Tzurishaddai* (My rots is Shaddai – Num. 1:6)!

In Spr. 18:10 lees ons: *Die Naam – Karakter en Outoriteit – van YHVH is 'n sterk toring, die regverdige hardloop daarin en word beskut*. Ons ken YHVH en Yeshua en daarom hoef ons nie soos Farao te vra: *Wie is YHVH na wie se stem ek moet luister...Ek ken YHVH nie....* (Ex. 5:2). Ons ken en erken YHVH se Karakter en Outoriteit en daarom is hy ons El-Shaddai en beskutting!

YHVH is die Almagtige wat ons voed, ons van alles voorsien, ons beskerm en Hy is ons vergenoegdheid (bevrediging, versadiging)! Deur vertroue in Yeshua as die Messias word YHVH ons *shalom* – ons vrede, ons voorspoed, ons gesondheid en ons vergenoegdheid!

6*Wees oor niks bekommerd nie, maar maak julle begeertes elke keer deur gebed, versoeke en danksegging by God bekend* **7***en die vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed van God, Hy wat ver bo alle kennis en begrip is, sal julle gedagtes, wil, emosie en julle begrip beskerm in eenheid met Yeshua, Die Gesalfde Een;*
8*daarom, my broers: voed julleself met alles wat waar is, alles wat eerbaar is, alles wat onskuldig en opreg is, alles wat skoon is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is en daardie werke van lof en eer, wat geprys word.* **9***Hierdie dinge wat julle geleer, ontvang, gehoor en in my gesien het, doen dit en die God van vrede, vergenoegdheid, gesondheid en voorspoed sal by julle wees.* Fil. 4:6 tot 9.

To experience God's sufficiency, we must realize our own insufficiency!

Die Boom van die Lewe is die 'El Shaddai-boom', ook genoem die YHVH-sal-voorsien-boom! Maar die boom van kennis van goed en kwaad is die 'ek-moet-self-voorsien-boom'. Daarom: Voor die sondeval het Adam en Eva vir YHVH as El Shaddai ervaar – die Een wat in al hul behoeftes van gees, siel en liggam voorsien – Die Alvoorsienende-God. Na die sondeval moes Adam en Eva selfvoorsienend wees! Hulle het van die realm van meer as genoeg verval tot die realm van behoeftiges, naamlik geestelike en fisiese armlastiges!

Bepeins of Bespreek

1. Vertrou ons, en ken ons, YHVH as *El Shaddai* – Die Een wat in alle opsigte meer as genoeg is? Wanneer is genoeg, genoeg? Onthou: *God will supply in your needs, not in your greeds*! Is ons dankbaar genoeg vir alles wat Hy voorsien – hoe baie of hoe min dit ook mag wees – of begeer ons nog meer gemaksug en voorspoed en kla ons oor dit wat ons het en oor dit wat ons is?

2. Het Moses hoegenaamd aan sy behoeftes en begeertes gedink toe hy in die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van YHVH gestaan het (Ex. 33:18 en Ex. 34:6 tot 9)? Begeer jy en ek, om soos Moses, in Vader-God se Teenwoordigheid te staan of begeer ons net na Sy seëninge van voorspoed om ons lewe hier op aarde te vergemaklik? Onthou die volgende:

   - *The happiest people don't necessarily have the best of everything. They just make the best of everything* – Anonymous.

   - *God did not save us to make us happy, He saved us to make us holy* – Jerry Benjamin.

   - *Western culture has things a little backwards right now. We think that if we had every comfort available to us, we'd be happy. We equate comfort with happiness. And now we're so comfortable we're miserable. There's no struggle in our lives. No sense of adventure. We get in a car, we get in an elevator, it all comes easy. What I've found is*

that I'm never more alive than when I'm pushing and I'm in pain, and I'm struggling for high achievement... – Dean Karnaze

3. Volgens die geskiedenis het die apostels, met die uitsondering van Johannes, ‘n geweldadige dood weens hul geloofoortuiging gesterf! In die lig hiervan is die vraag of die voorspoedleer (*prosperity teaching*) die waarheid of ‘n leuen is? Is ons beter as die Apostels? Was die Apostels se maatstaf vir ‘n lewe in oorvloed (Joh. 10:10b) materieël of geestelik? Vergelyk jouself met die apostels ten opsigte van toewyding, Torah-gehoorsaamheid, bereidwilligheid om op te offer, eie belange prys te gee, ensovoorts. Skiet ons almal nie nog maar vêr te kort nie?

In Die Voetspore Van Abraham.

Dit is belangrik dat ons moet verstaan dat YHVH vir Israel van die slawejuk wou bevry om hulle na die Beloofde Land Kanaän te neem sodat hulle weer in die geestelike voetspore van hulle vader Abraham kon stap. Hierdie voetspore van Abraham is ‘n lewe van vertroue in YHVH en van gehoorsaamheid aan YHVH se Torah volgens die verbond met Abraham en soos bevestig is met Isak en Jakob.

Abraham was deur vertroue regverdig verklaar (Gen. 15:6) en was gehoorsaam aan YHVH se opdragte, Sy bevele, Sy verordeninge en Sy wette (Gen. 26:5) sonder ‘n tabernakel (tempel), sonder ‘n Levitiese priesterorde en sonder die wette van die offerandes! Abraham is ons vader en voorbeeld van vertroue en gehoorsaamheid! Hy het na YHVH se stem geluister! YHVH het Abraham geleer hoe om as geregverdigde saam met sy Skepper-God te lewe!

Abraham se lewe is die sinnebeeld van die belofte van die nuwe verbond waar elkeen wat wedergebore is die vulling met die Afgesonderde Gees kan ontvang sodat ons die stem van die Vader kan hoor om volgens die Torah, soos dit in Yeshua vervul is, kan wandel. Paulus verduidelik dit soos volg in Rom. 8:13 tot 17:

13*want as julle na die vlees lewe, sal julle sterf en as julle in die Gees die praktyke van die liggaam doodmaak, sal julle lewe,* **14***want dié wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God.* **15***Julle het nie ’n gees van slawerny ontvang om weer te vrees nie, maar julle het die Gees van aanstelling as kinders ontvang, deur Wie ons uitroep: “Vader, ons Vader!”* **16***Daardie Gees getuig tot ons gees dat ons kinders van God is* **17***en as ons kinders is, dan ook erfgename. Erfgename van God en mede-erfgename van Yeshua, Die Gesalfde Een, want as ons saam met Hom ly, sal ons ook saam met Hom die Gemanifesteerde Teenwoordigheid van God smaak.*

YHVH het nie vir Israel van die Egiptiese slawejuk bevry om van hulle slawe van die wet (Torah) te maak nie, maar om van Israel ‘n bruid te maak! Hierdie uitnodiging tot die huwelik – die verlowing – het by die berg Sinai plaasgevind toe YHVH die huwelikskontrak (*ketuba*), naamlik die verbond waarvan ons lees in Exo. 19:5 tot Exo.24:11 met Israel gesluit het. YHVH het Israel dus van die slawejuk bevry (losgekoop) sodat Hy vir hulle kan beskerm en kan versorg soos ‘n Bruidegom sy bruid sal beskerm en versorg. In parashah 17 en 18 sal hierdie verbond, en die betekenis daarvan, en wat daarop gevolg het verder bespreek word.

Die vraag wat ons in die komende Torahstudies sal beantwoord, is of Israel na hulle bevryding van die Egiptiese slawejuk wel in die voetspore van Abraham begin stap het? Het hulle na die stem van YHVH geluister soos hulle vader Abraham?

Bepeins of Bespreek

1. Die geskiedenis van Abraham, Isak en Jakob bevestig dat hulle ook foute begaan het. Maar die een ding wat hulle nie gedoen het nie, was om hulle te wend tot afgodery!! Daarom die vraag: Is die volgende stelling waar? YHVH ons God en Vader is geduldig met ons swakhede, maar nie met afgodery in ons lewe nie! Is die geskiedenis van Israel bewys hiervan? Hoe dissiplineer jy jou kinders? Voeg jy soms weens hulle ongehoorsaamheid nuwe huisreëls by wat hulle tot gehoorsaamheid 'dwing'? Reëls wat hulle in 'bewaring' hou tot hulle straf uitgedien is en hulle verstaan om met meer verantwoordelikheid op te tree? Is dit wat YHVH met Israel gedoen het na die aanbidding van die goue kalf? In ons verdere studies sal hierdie wel meer volledig bespreek word!

Hardheid van hart

Ék sal Farao se wil, emosie en verstand verhard sodat Ek My tekens en wonderwerke in die land van Mitzrayim kan vermenigvuldig. Exo. 7:3.

Hierdie is 'n herhaling en hersiening van vorige notas, omrede daar verwarring is oor wat beteken dit wanneer God sê dat Hy Farao se hart sal verhard en ook as YHVH sê dat Hy vir Jakob liefhet en vir Esau haat.

Die gedagte dat die tien plae nie net YHVH se oordeel (strafgerigte) is nie, maar ook van YHVH se genade getuig, maak nie sin in die lig van die feit dat YHVH sê dat Hy Farao se hart sal verhard nie. Tien keer lees ons dat YHVH die hart van Farao sal verhard (Exodus 4:21, 7:3, 9:12, 10:1, 20, 27; 11:10; 14:4, 8 ,17). Wanneer hierdie 'toestand' (gesindheid) van Farao se hart beskryf word, word die woord *verhard* telkens gebruik, maar volgens die Hebreeus word daar drie verskillende woorde gebruik, naamlik:

- *chazaq* (*chet, zayin, qof*), wat *versterk* (*sterk maak*) beteken.
- *kaved* (*Kaf, vet, dalet*), wat *dwaas, bot, swaar, hard en bedroef* beteken.
- *qashah* (*Qof, Shin, Hey*) wat *dig, taai, swaar, wreed, hardkoppig en hardnekkig* beteken.

In Ex. 7:3 word *qashah* gebruik en in Ex. 10:1 word *kaved* gebruik, maar in al die ander teksverse word die woord *chazag* gebruik wat *versterk* beteken. Derhalwe sê Torah agt keer vir ons dat YHVH die hart van Farao sal versterk! Met ander woorde, dit wat in Farao se hart was, naamlik die gesindheid en 'toestand' van sy hart, was deur YHVH versterk (sterk gemaak). Farao se hardheid van hart was dus verder verhard. Sou Farao egter 'n hartsgesindheid van berou getoon het, sou hierdie gesindheid wel ook deur die genade van YHVH versterk geword het. Die tien plae was waarskuwings en die doel was juis om Farao se hart te 'versag'.

Die mens se hartsgesindheid bepaal hoe daar op YHVH se Woord (Torah) gereageer sal word. Dit kan vergelyk word met potklei en kerswas wat in die son geplaas word. Dit is dieselfde son, maar die resultaat is teenoorgesteldes – potklei word hard en die kerswas smelt. So kom dieselfde Woord van God na die mens, maar die een se hart word daardeur verhard, terwyl die ander se hart sag word. Dit is dieselfde Woord, maar dit het teenoorgestelde reaksie tot gevolg –'n reaksie volgens die mens se eie keuse. Die doel van die tien plae was juis om Farao se hart te versag – nie te verhard nie!!

Daarom sê Salomo in Spr. 28:14 –

Gelukkig is die man wat gedurigdeur respekvol vrees, maar hy wat sy verstand, wil en emosie verhard, sal in die boosheid verval.

YHWH was nie daarop uit om Egipte te verwoes nie, maar om hulle eerder ‘n kans te gee om hulle tot Hom te bekeer, terwyl Hy Sy krag en Sy bedoelinge aan Sy geliefde volk demonstreer! ‘n Demonstrasie dat YHVH ‘n God van genade en oordeel is.

Farao se hart was dus deur sy eie keuse verhard gewees. Dit is dus nie God wat Farao se hart verhard het nie. YHVH verander nie die gesindheid van Farao (of van enige mens) nie, maar versterk slegs die gesindheid wat in die hart is, sodat dit aan die lig sal kom.

Waar ons lees dat Farao sy eie hart verhard het (Exodus 8:15; 8:32 en 9:34) word die woord *kaved* (*dwaas, bot, swaar, hard*) gebruik. Hiervolgens is dit duidelik dat Farao self verantwoordelik was vir die verharding van sy hart en dat YHVH bloot die keuse van Farao versterk het – naamlik dit respekteer het, want die mens se wil is soewerein. Hardheid van hart, met ander woorde hartsgesindheid, is die mens se eie keuse.

YHVH het die mens geskape met die vryheid van keuse (met ‘n vrye wil) en daarom sal Hy die die mens se vryheid van keuse altyd eerbiedig. Vryheid van keuse moet egter binne die wil van YHVH funksioneer. Die mens se vrye wil moet dus ondergeskik wees aan YHVH se wil. Buite hierdie realm sal God die mens se hart – die mense se keuse – versterk (verhard). Wat met Farao en Egipte gebeur het is dus net Farao se skuld.

Die doel van vrye keuse is om die mens die geleentheid te gee om deur die regte keuses nader aan sy Skepper-God te kan beweeg. Ons vryheid van keuse word volmaak wanneer ons die wil van Vader-God as ons eie wil aanvaar.

Die doel van YHVH se strafgerigte is om die mens tot die besef te bring van die noodsaaklikheid om sy hartsgesindheid te verander. YHVH kan nie die wil van ‘n mens verander nie, maar kan deur strafgerigte en op ander wyses, soos deur tekens en wonders, probeer om die mens te beïnvloed om ‘n hartsverandering te wil ondergaan. Onthou: die mens se wil is soewerein!

Sou Farao deur enige van die plae of tekens en wonders uit vrye wil ‘n hartsverandering ondergaan het, sou die genade van YHVH die hart van Farao versterk het. YHVH se versterkende genade sou Farao in staat gestel het om sy sonde van hardnekkigheid te bely en Israel te laat gaan het. Dan sou dit nie vir YHVH nodig gewees het om Egipte ‘n ekonomiese, ‘n politieke en ‘n militêre nekslag toe te dien nie.

Soos genoem kon YHVH in een oomblik en deur een enkele gebeurtenis die hele Egipte uitgewis het! Die feit dat YHVH dit nie gedoen het nie, getuig van Vader-God se liefdevolle genade. Onthou: YHVH het geen behae in die sterwe van ‘n sondaar nie.

Het Ek enige behae in die dood van die bose oortreder,” verklaar יהוה*-God, “eerder as dat hy sal wegdraai van sy lewenswyse af en leef*? Eseg. 18:23

Sê vir hulle: ‘So waar as Ek leef,’ verklaar יהוה*-God, ‘Ek het geen behae in die dood van die bose nie, maar eerder dat die bose wegdraai van sy lewenswyse en leef. Draai terug, draai terug van julle bose lewenswyses! Waarom wil julle dan sterf, o huis van Yisra’el?’* Eseg. 33:11

Dit is die begeerte van YHVH dat alle mense gered moet word en tot kennis van die waarheid kom (1 Tim. 2:3 en 4). Die besef dat YHVH geen vreugde vind in die dood van sondaars nie, dien as waarskuwing dat ons nooit verheug moet wees oor die lot of dood van die goddelose nie**, insluitend ons vyande!**

Ons is die diensknegte (Verbondslaaf) van YHVH en van Sy Torah om as getuienis vir die wêreld te dien. Elke mens is ‘n skepsel van YHVH en daarom moet ons YHVH se liefde aan elkeen, insluitend ons vyande, demonstreer.

Dan moet ons ook onthou dat ons nie slegs terwille van onsself Torah-gehoorsaam leef nie, maar ook terwille van die wêreld om ons, insluitend ons vyande. Nie alles wat met ons gebeur is terwille van onsself nie! Onthou alles wat met Israel gebeur het was terwille van ons (1 Kor. 10:6).

Deur vertroue in Yeshua as Messias en deur gehoorsaamheid aan die Torah van die nuwe verbond, het ons inderwaarheid onsself bereidwillig verklaar dat YHVH deur ons die mense om ons kan bereik. Daarom kan dit gebeur dat YHVH by tye ons kan vra om vervolging, lyding, gebrek, ensovoorts terwille van ander te verduur. Dit is juis vir die doel wat YHVH Israel gekies het. Hulle is gekies as voorbeeld en waarskuwing aan ons op wie die einde van dae gekom het (1 Kor. 10:1 tot 6) *totdat die volheid van die heidene ingegaan het en die hele Israel gered sal word* (Rom. 11:25 en 26).

Ons Torah-gehoorsaamheid soos dit in Yeshua Messias vervul is, dien ook as getuienis van die profesie in Jer. 31:33 en soos in Heb. 8:10 bevestig word:

“Hierdie is die verbond wat Ek ná dié dae sal gee vir die huis van Yisra’el,” sê יהוה*: “Ek sal My wette in hulle begrip gee en dit op hulle verstand, wil en emosie skryf en Ek sal vir hulle ’n God wees en hulle sal vir My ’n volk wees”*

Bepeins of Bespreek

1. Volgens bogenoemde is die vraag: Kan YHVH die hartsgesindheid van ‘n persoon verander of slegs omstandighede skep om ‘n persoon te probeer beïnvloed? Die vraag is dus: Maak dit sin om te bid dat YHVH die hart van ‘n persoon moet verander of moet ons eerder vra dat YHVH die omstandighede sal skep om ‘n persoon te beïnvloed om sy harde hart te verander? Hiermee saam die vraag: Maak dit sin om Satan te bind sodat hy nie tot die hardheid van ‘n persoon se hart bydra nie. Wat van 2 Kor. 10:3 tot 6 – neem elke gedagte gevange?

2. Het ons almal nie maar steeds ‘n stukkie van Farao in ons nie? Hoe verder ons buite YHVH se wil beweeg, hoe meer sal ons harte verhard. Onthou: Die ‘afstand’ (geestelike gemeensaamheid) tussen ons en die Vader-God word deur ons bepaal. Elke tree van ongehoorsaamheid is ‘n tree weg vanaf die waarheid en ‘n toename in die hardheid van hart.

3. In die lig daarvan dat die tien plae nie net YHVH se oordeel (strafgerigte) is nie, maar ook van Sy liefde en genade teenoor Egipte getuig, asook gesien in die lig daarvan dat YHVH geen behae in die sterwe van ‘n sondaar het nie, kan ons wel vra hoe teksverse soos Mal. 1:2 en 3, asook Rom 9:13, waar dit sê dat YHVH vir Jakob lief gehad het, maar vir Esau gehaat het, dan verklaar moet word? Hierdie teksverse veroorsaak verwarring en selfs misleiding soos byvoorbeeld die uitverkiesingsleerstelling. Bepeins of bespreek dit in die lig van ondermeer teksverse soos Matt. 22:37 tot 39; Luk. 14:26; Joh. 12:25 en 1

Joh. 2:9 en 11. Is die betekenis van *haat* nie om minder lief te hê nie? Albert Barnes' "Notes on the Bible" verduidelik dit soos volg:

> ➢ It was common among the Hebrews to use the terms "love" and "hatred" in this comparative sense, where the former implied strong positive attachment, and the latter, not positive hatred, but merely a less love, or the withholding of the expressions of affection; compare Gen. 29:30-31; Pro. 13:24, "He that spareth his rod hateth his son; but he that loveth him chasteneth him betimes;" Mat. 6:24, "No man can serve two masters, for either he will hate the one and love the other," etc.; Luk.14:26, "if any man come to me, and hate not his father and mother, etc."

4. Die mens wat nie die wil van YHVH in totaliteit aanvaar nie, is 'n vyand van YHVH en word deur God gehaat, want hy dien die god van sy eie wil. Verwys Jak. 4:4. Om God waarlik lief te hê is om gehoorsaam te wees (Joh. 14:22 en 23). Ongehoorsaamheid is ongeregtigheid (sonde – 1 Joh. 3:4) en is om God te haat!! Lees Deut. 7:10; Ps. 5:6; Ps. 11:5 tot 7. Onthou: Ons kan nie twee meesters dien nie (Matt. 6:24). God laat Hom nie bespot nie, want dit wat jy saai, sal jy..... (Gal. 6:7 en 8). Saai jou eie wil en dit wat jy oes, is 'n hardheid van hart.

5. Farao is die voorbeeld (afbeelding) van die talle politieke leiers en staatshoofde deur die eeue heen wat YHVH gehaat het en wie se harte (hartsgesindheid) dus deur YHVH versterk (verhard) was/is. Moses is die voorbeeld van 'n volksleier wat YHVH tot die dood toe lief gehad het.

-o-o-o-o-o-o-o-

Shabbat Shalom.
Johan.

Epos: kontak@nuwelied.info
Webwerf: http://www.nuwelied.info

Kopieë mag gemaak en gratis versprei word, maar mag nie verkoop word nie. Geen veranderinge mag aan die oorspronklike teks aangebring word en dit dan onder die naam van Nuwe Lied Bediening versprei nie.